



# Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

Verwysingsnommer van hierdie dokument	
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om beleid neer te lê vir die rig van taalbeplanning en taalbestuur aan die Universiteit Stellenbosch (insluitende die ontwikkeling, goedkeuring, hantering, implementering, beskikbaarstelling en hersiening)
Tipe dokument	Beleidsdokument
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	1 Januarie 2017, of so gou as moontlik
Hersieningsdatum/ Hersieningsfrekwensie	Elke vyf jare – of korter, na gelang van noodsaaklike tussentydse aanpassings
Vorige hersienings	22 November 2014
Eienaar van hierdie Beleid	Viserektor (Leer en Onderrig)
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid	Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking
Goedkeuringsdatum	
Goedgekeur deur	Die Raad van die Universiteit Stellenbosch
Sleutelwoorde	beleid, taal, taalbeplanning, meertaligheid, institusionele kommunikasie, leer- en onderrigtale

## **Die kern van die Beleid**

Die Universiteit Stellenbosch (US) gebruik taal op 'n wyse wat gerig is op die omgang met kennis in 'n diverse samelewing oor 'n verskeidenheid van akademiese, sosiale, administratiewe en professionele kontekste. Die Universiteit skep geleenthede vir die bevordering van meertaligheid op institusionele en individuele vlakke as 'n kerndeel van ons akademiese projek, en verseker billike toegang tot die US vir alle Suid-Afrikaanse burgers, en so ook vir internasionale studente. Met ons kampusse wat in die Wes-Kaap geleë is, verbind ons onself tot die bevordering van Afrikaans, Engels en isiXhosa op voorgraadse vlak. Ons doen dit in 'n innoverende, inklusiewe en toekomstgerigte gees, om studente voor te berei om denkleiers in 'n wêreldwye kennisekonomie te wees.

Hierdie Beleid het ten doel om aan personeel en studente 'n raamwerk te voorsien om taal in 'n pedagogies verantwoordbare manier te gebruik, met genoeg buigsaamheid, pragmatisme en wetenskaplike steun om die gehalte en sosiale impak van ons leer, onderrig en navorsing aan die US te verryk.

### **1. Inleiding**

Die Grondwet<sup>1</sup> bepaal dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse, waar dit redelikerwys doenlik is. Een aspek van die diversiteit van ons samelewing is die verskeidenheid tale wat ons gebruik. Die Grondwet verleen amptelike status aan elf verskillende tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word om die land se menslike potensiaal te ontwikkel. Daarom moet hierdie belangrike persoonlike, professionele, akademiese en sosiale bate op kollektiewe grondslag ontgin word – ook deur die Suid-Afrikaanse tersiêreonderwyssektor.

Die kernfunksie van die Universiteit Stellenbosch (US) is, binne die bogenoemde konteks, die omgang met kennis. Die kennisspektrum van die Universiteit is beperk vir sover 'n aantal fokusareas die kern daarvan vorm; die spektrum is uitgebreid in die sin dat dit 'n verskeidenheid akademiese dissiplines dek en sowel voor- en nagraadse leer en onderrig, as navorsing nasionaal en internasionaal, behels. In hierdie omgang met kennis hou die Universiteit rekening met die diversiteit in die samelewing, veral rakende ons talige diversiteit en die intellektuele rykdom wat daarin opgesluit lê.

Die Universiteit streef daarna om die kennis wat onder andere binne internasionale verband geskep word, plaaslik aan te wend met behoorlike inagneming van die diversiteit van die regionale en die nasionale gemeenskap.

### **2. Die meertalige konteks**

Die Universiteit volg 'n dinamiese proses om die instelling meer inklusief en divers te maak, insluitende deur verskeie tale aan te wend. Die US skep geleenthede vir die bevordering van institusionele en individuele meertaligheid.

'n Deurslaggewende beginsel met die implementering van 'n meertalige Beleid moet egter wees dat geen taal toegelaat moet word om as 'n meganisme vir uitsluiting te funksioneer nie.

Hoewel ons erken dat die US 'n nasionale bate is, beperk ons ons institusionele verbintenis slegs tot die bevordering van Afrikaans, Engels en isiXhosa, as die drie

---

<sup>1</sup> Die Taalbeleid hou rekening met die Grondwet en alle ander relevante wetgewing en verslae.

amptelike tale van die Wes-Kaap. Wat egter die bevordering van individuele meertaligheid betref, verwelkom ons al die taalgroepe van Suid-Afrika met ope arms, en moedig ons formele en informele leer aan, sowel as die akkommodering van bv. bykomende taalspesifieke tutoriale in gevalle waar haalbaar.

### **Engels**

Engels is 'n amptelike taal van die Wes-Kaap en het ook die belangrikste onderrigtaal op skoolvlak geraak. Engels word deur sprekers van verskillende tale gebruik om te sosialiseer en om akademies te kommunikeer, en het ook internasionale waarde. Daarom gebruik die Universiteit Engels (saam met die ander amptelike tale) in die uitvoering van sy leer- en onderrig-, navorsings-, administratiewe en steunfunksies.

### **Afrikaans**

Afrikaans is een van die amptelike Suid-Afrikaanse tale wat wyd in die Wes-Kaap beoefen word. Dit het oor dekades 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die Universiteit Stellenbosch bygedra het, en die ondersteuning van die akademiese potensiaal van Afrikaans is 'n middel om 'n groot en diverse gemeenskap te bemagtig. Die Universiteit bly verbind tot die handhawing van die status van Afrikaans vir akademiese, administratiewe en kommunikasiedoeleindes tot voordeel van die sprekers van alle variëteite van Afrikaans.

### **IsiXhosa**

IsiXhosa word deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik. Dit is een van die amptelike tale van die Wes-Kaap en aan die toeneem in hierdie en in ander streke. Deur middel van spesifieke inisiatiewe onderneem die Universiteit om tot die bevordering van isiXhosa as 'n ontluikende akademiese taal by te dra, en ook om isiXhosa as 'n taal vir interne kommunikasie uit te brei.

## **3. Toepassing van die Beleid**

Die Taalbeleid is van toepassing op alle fakulteite, steundiensafdelings, bestuursliggame, personeel en studente van die Universiteit.

## **4. Doel van die Beleid**

Die doel van die Taalbeleid is om taalbeplanning en taalbestuur aan die Universiteit te rig.

## **5. Mikpunte van die Beleid**

- (a) Om deur 'n meertalige aanbod te voldoen aan die Universiteit se Visie 2030 om sodoende inklusiwiteit moontlik te maak.
- (b) Om effektiewe leer en onderrig en navorsing, asook dienslewering, aan die US te fasiliteer.
- (c) Om meertaligheid as 'n belangrike onderskeidende eienskap van die Universiteit en sy gegraduateerdes te bevorder.

## 6. Beleidsbeginsels

Die Universiteit se Taalbeleid moet uitgevoer word met behoorlike inagneming van die volgende belangrike beginsels:

- (a) Die Universiteit erken en respekteer die kernwaardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is; veral die waardes wat met onderwys verband hou.
- (b) Die Universiteit respekteer studente en personeel se tale en taalvaardigheidsvlakke.
- (c) Daar word klem geplaas op inklusiwiteit, diversiteit en die doeltreffende konstruksie van kennis, wat impliseer dat 'n spesifieke taal nie gebruik mag word om studente, personeel en ander belanghebbers van die US uit te sluit nie.
- (d) Die Taalbeleid ondersteun en bevorder die waardes en uitgangspunte wat in die Institusionele Voorneme en Strategie van die Universiteit beskryf word.
- (e) Die Taalbeleid posisioneer die Universiteit om 'n besondere bydrae te lewer ter bevordering van beide institusionele en individuele meertaligheid as 'n bate.
- (f) Die sukses van die Taalbeleid is afhanklik van die daarstelling van gepaste en voldoende taalsteun, taaldienste en dienste vir die ontwikkeling van akademiese personeel.
- (g) Die Taalbeleid pas aan by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van studente en personeel.
- (h) By die implementering van die Taalbeleid sal daar rekening met die beskikbaarheid van personeel en hulpbronne gehou word.

## 7. Beleidsbepalings

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word op die volgende maniere geïmplementeer:

### 7.1 Leer en onderrig

- (a) Afrikaans en Engels is die Universiteit se tale van leer en onderrig, en die US is verbind tot die doelgerigte steun van die akademiese toepassing van al twee tale in die volle leerervaring van studente, insluitende lesings en ander gefasiliteerde leergeleenthede, bv. tutoriale.
- (b) Vir voorgraadse modules tot en met derdejaarsvlak word Afrikaans en Engels dus toegepas in twee gebruikskonfigurasies, deur die volle leerervaring van studente in gedagte te hou<sup>2</sup>.
  - (i) Vir modules waar dit redelik is (met betrekking tot inskrywing, hulpbronne en personeel) en waar dit pedagogies verantwoordbaar is om die studente in meer as een klasgroep in te deel, word parallelmediumonderrig (P) gebruik met lesings in Afrikaans en Engels vir verskillende klasgroepe. Om egter taalisolasië te voorkom en verdraagsaamheid en respek te bevorder, word sorg deur die dosent(e) uitgeoefen om geleenthede vir studente uit die twee

---

<sup>2</sup> Let asseblief: Sommige modules, soos die taalmodules, is kwytskeld van spesifikasies.

taalgroepe te verskaf om te ontmoet en oor tale heen in akademiese situasies te kommunikeer.

- (ii) In alle ander klasgroepe wat nie opgedeel is nie, word dubbelmediumonderrig (D) gebruik, waar alle inligting in Engels oorgedra word. Bykomende steun word in Afrikaans en/of Engels in die lesing en/of tydens die aanvullende, gefasiliteerde leergeleenthede voorsien om by te dra tot studente se begrip van die akademiese materiaal. Dit sal afhanklik wees van die vermoëns van die dosente en onderrigassistenten. Intydse tolkdienste van sowel Engels na Afrikaans as Afrikaans na Engels kan aan studente gebied word – veral in die aanvanklike studiejare.
- (c) Ten opsigte van die wyer leer-en-onderrig-konteks, is die volgende van toepassing:
  - (i) Een-tot-een-interaksie in tutoriale en mentorsessies kan in die student se voorkeurtaal geskied: Afrikaans, Engels en isiXhosa, waar die fakulteit se personeel die taalkundige vaardighede het om dit te kan doen.
  - (ii) Die ondersteunende materiale kan 'n verskeidenheid van gemengdeleerstrategieë (bv. podgootjies en vodgootjies van lesings) insluit wat aan studente beskikbaar gestel word in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa vir verdere versterking van konsepte en vir hersiening.
  - (iii) Die verpligte leesstof (indien beskikbaar; gepubliseerde materiaal uitgesluit) is beskikbaar in Engels en, indien redelik uitvoerbaar<sup>3</sup>, in Afrikaans.
  - (iv) Moduleraamwerke en studiegids is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
  - (v) Die vraestelle vir eksamens, belangrike toetse en soortgelyke assesserings is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- (d) Die bepaling, gereelde hersiening en implementering van die taalreëlings word bepaal deur fakulteite as deel van hulle jaarlikse konteks-spesifieke taalimplementeringsplanne (verwys 7.5a van die Beleid) en goedgekeur by fakulteitsraadvergaderings as deel van die normale rapporteringstrukture aan die Senaat.
- (e) Veranderinge aan die taalreëlings, wat buite hierdie jaarlikse hersieningsproses val, maar noodsaaklik word deur bv. die profiel van 'n spesifieke studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings of die beskikbaarheid van 'n dosent met die nodige taalvaardigheid, kan gemaak word as dit die dekaan en die betrokke departementele hoof se steun het. Hierdie veranderinge moet by die volgende fakulteitsraad- en Senaatsvergadering gerapporteer word. Die studente van die spesifieke modules moet ingelig word van hierdie besluit en die redes daarvoor.
- (f) Hierdie taalreëlings moet in die relevante moduleraamwerke bekendgemaak word.
- (g) In nagraadse leer en onderrig kan Engels en/of Afrikaans gebruik word, met dien verstande dat alle studente die taal verstaan.

---

<sup>3</sup> Met inagnome van, wanneer die materiaal a priori nie in Afrikaans beskikbaar is nie, die beskikbaarheid van en die hoeveelheid personeeltyd om Afrikaanse weergawes voor te berei, in verhouding tot die aantal studente wat sou baat vind by die Afrikaanse weergawes en die omvang van die voordeel wat hulle daaruit sou kry.

- (h) Akademiese taal en geletterdhede bestaan uit stelle komplekse praktyke, wat gekoppel is aan hoe dissiplines kennis skep. Sodanige geletterdhede word die beste ontwikkel binne die kontekste van akademiese dissiplines en hulle studieverlede.
- (i) Die bevordering van akademiese materiale in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap word gesteun in die vorm van meertalige terminologieslyste en ander akademiese materiale. In sekere programme word voorsiening gemaak vir isiXhosa met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van die taal belangrik mag wees vir loopbaandoeleindes.
- (j) Waar studente alternatiewe tekste soos Braille-tekste of vergrote tekste nodig het om in staat te wees om te kommunikeer en om inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar by uitgewers of dosente nie, kan personeel direk met die Braille-kantoor van die Universiteit skakel om die tydige beskikbaarheid van alternatiewe tekste vir studente of personeellede wat dit benodig te verseker.
- (k) Gebaretaal word as 'n kommunikasiemiddel erken vir sommige dowe mense wat dit as hulle primêre kommunikasiemiddel beskou. Alle redelike maatreëls word ingestel om te verseker dat daar by klasse, tutoriale en die belangrikste openbare geleenthede van die Universiteit 'n gebaretaaltolk beskikbaar is. Daarbenewens kan die intydse voorsiening van onderskrifte ook vir lesings, tutoriale of amptelike Universiteitsgeleenthede oorweeg word.

## **7.2 Interne institusionele kommunikasie**

In die gees van die Universiteit se Taalbeleid moet voorkeure van studente en personeel van diverse taalgemeenskappe in verskillende vorme van kommunikasie gerespekteer word, waar moontlik.

- (a) Engels en Afrikaans is die institusionele tale van die Universiteit. Die belangrikste dokumentasie (bv. beleide en strategiese MH-dokumente rakende diensvoorwaardes) word in Engels en Afrikaans beskikbaar gemaak.
- (b) Die taal van geskrewe kommunikasie binne fakulteite en afdelings (agendas, uitdeeltukke) en by vergaderings hang af van die taalbehoefte van die lesers of deelnemers (insluitende personeel en studente), met behoorlike kennisname dat niemand deur die kommunikasietaal uitgesluit moet word nie.
- (c) Mondelinge navrae en versoeke deur studente en personeel word, waar haalbaar, hanteer in die taal van die navraag of versoek.
- (d) Afrikaans, Engels en isiXhosa word oordeelkundig by amptelike geleenthede, soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede, intreeredes, ensovoorts, gebruik.
- (e) In koshuise en ander leefruimtes word taal op so wyse gebruik dat geen belanghebbende uitgesluit word van deelname in enige formele aktiwiteite in hierdie omgewings nie.

## **7.3 Eksterne kommunikasie**

- (a) Engels en/of Afrikaans en, waar haalbaar, isiXhosa is die Universiteit eksterne kommunikasietale.

- (b) Die US respekteer die taalbeleide en/of die taalvoorkeure van haar vennote. Dit beteken dat die amptelike kommunikasie en dokumentasie met haar vennote (dit sluit amptelike vergaderings in) normaalweg in die voorkeurtaal van die vennoot gevoer sal word, of dat die nodige dienste (bv. vertaal- of tolkdienste) geïmplementeer sal word om die taalvoorkeur in ag te neem. Waar die Universiteit nie die kapasiteit het om aan 'n voorkeurtaal uitvoering te gee nie, sal Engels die kommunikasiemedium wees.

#### **7.4 Steun**

Die Taalsentrum, in samewerking met fakulteite en ander steunafdelings, aanvaar die verantwoordelikheid vir die voorsiening en/of koördinerings van die relevante taalsteun wat vereis word vir die doeltreffende implementering van die Taalbeleid. Sy Direkteur en personeel tree as adviseurs van die Bestuur, fakulteite en steundienste op.

Die Taalsentrum voorsien die dienste vir intydse tolklesings, met gepaste gehalteversekering en gehalteverslagdoeningsprosedures.

#### **7.5 Taalbeplanning en bevordering van meertaligheid**

- (a) Elke fakulteit en steundiensafdeling formuleer 'n konteks-spesifieke taalimplementeringsplan in ooreenstemming met hierdie Beleid. Die fakulteite se onderskeie taalimplementeringsplanne moet deur elke fakulteitsraad goedgekeur word en in die fakulteitsmededelings aan die Senaat gerapporteer word. Die steundiensafdelings se taalimplementeringsplanne moet deur die relevante lynbestuurders en die Rektor se Bestuurspan goedgekeur word. Implementering van hierdie Beleid word via die normale bestuurstrukture en gehalteversekeringsmeganismes gemoniteer.
- (b) Die bevordering van meertaligheid in fakulteite en steundienste is vir die Universiteit uiters belangrik, en daarom oorweeg die Universiteit van tyd tot tyd verskillende insentiewe vir fakulteite, steundienste en individue wat in hierdie verband uitblink.
- (c) Die Taalsentrum, in samewerking met fakulteite, steundienste en bestuursliggame, aanvaar ook die verantwoordelikheid vir die bevordering van meertaligheid aan die US en verseker dat die nodige steun in plek is.

### **8. Konflikbeslegting**

Klagtes oor die implementering van die Taalbeleid word in die eerste plek deur die dekan hanteer via die studenteverteenwoordigers en dosente, departementele voorsitters of hoofde (in die geval van fakulteite) of deur die lynbestuurders (in die geval van steundienste). 'n Verdere vlak van konflikbeslegting vir die akademiese omgewing is die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat, of in die geval van die breër universiteit, die Rektor se Bestuurspan.

In gevalle waar die aanwending van bogenoemde strukture nie gepas is nie, kan klagtes aan die ombudsman voorgelê word vir afhandeling in oorleg met die tersaaklike strukture.

### **9. Beleidsbeheer**

Die Taalbeleid word deur die Raad goedgekeur met die instemming van die Senaat en na oorleg met die Institusionele Forum.

Die eienaar van die Beleid is die Viserektor: Leer en Onderrig. Die Viserektor het 'n oorsigfunksie vir die implementering, bestuur en opdatering van die Beleid, en rapporteer daarvoor via die Rektor se Bestuurspan en die Senaat aan die Raad. Die Viserektor word ondersteun deur 'n Taalbeplannings- en Bestuursprojekspan wat advies lewer en take namens die Viserektor uitvoer, soos van tyd tot tyd bepaal.

Die kurator van die Beleid is die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking. Die kurator tree ook in 'n adviserende rol vir die Viserektor op en werk nou saam met die Direkteur: Taalsentrum. Die Direkteur: Taalsentrum tree, saam met die personeel van die Taalsentrum, in 'n navorsings-, beplannings-, adviserende en ondersteuningsrol op vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid in fakulteite en steundiensomgewings.

## **10. Hersiening**

Taalbelevsvorming is 'n dinamiese proses. Die Universiteit onderneem om die Taalbeleid voortdurend aan veranderende omstandighede te toets deur:

- (a) Navorsing te doen oor die implementering, toepassing en monitering van die Taalbeleid,
- (b) Gereeld met die breë Universiteitsgemeenskap oorleg te pleeg,
- (c) Inligting wat uit hierdie navorsing en oorlegpleging voortspruit te verwerk en bekend te maak, en
- (d) Die Taalbeleid, waar en wanneer nodig, aan te pas.

## **11. Openbaarmaking**

Die Taalbeleid is 'n openbare dokument en word op die webwerf van die Universiteit gepubliseer.